# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL DERDE UITGAWE 2023

# ‘N PROTEA, ‘N SKOT EN 'N BOK




## NUUS



Die derde kwartaal is afgesluit met ‘n knal, want vanjaar se vierskolekonsert was wéér 'n besondere ervaring. Die kore en orkeste van AHS, AHMP, Boys High en Girls High het gehore tydens die vertonings by Boys High met hul musiektalent betower. Die hoogtepunt was 'n massakoor en -orkes (foto bo) wat die kulturele rykdom en samewerking van die skole uitgebeeld het. (deur Stef Pretorius)

## OUD-AFFIES



In vennootskap met die oud-Affiebond het die skool op 21 September ‘n hoogs suksesvolle gholfdag by Silver Lakes Gholfbaan aangebied. Op die foto bo staan oud-Affies Fourie du Preez, Jacques Rudoph, AB de Villers en Kruger van Wyk gereed om af te slaan. Honderd agt en twintig spelers het aan dié dag deelgeneem en in die proses is daar ruim fondse vir die skool ingesamel.

## SPORT EN LEEFWYSE



Foto: Marnu van Zyl

Die graad 8- tot 11-manne het op 18 Augustus aan die jaarlikse Affiespele deelgeneem en die gees op die pawiljoen was gróót! Nóg groter was elke deelnemer op die baan se poging om sy voogklas so goed as moontlik te verteenwoordig. Die geesbeker het uiteindelik aan die graad 8's gegaan. Van links op die foto is Jacques Bouwer, Kale Pienaar, JC Smal, James Lloyd en Rico du Plessis. (deur Dylan Koegelenberg)

# REDAKSIONEEL

-Neil Grobbelaar-

*Een man se einde, merk 'n ander se begin*

Kwartaal vier is hier. Die hoeveelheid kere wat die matrieks nog die skoolklok na elke lang periode gaan hoor, word al hoe minder. Die gelui van die klok wat jy een keer in jou leeftyd mag lui, is nie meer jare weg nie, maar dae. Die trane wat val op die vierkant waaroor jy eens moes draf, die liedjies wat jy saam met jou groep vir die laaste keer kan sing en die uittrek van jou skoolklere, merk die einde van jou termyn. Jou gees sal egter vir altyd deur die rooi baksteengeboue sweef. Soos wat jou plek leeg raak, word dit dadelik gevul. Die nuwe matriekgroep word opgeroep om jou voorbeeld na te streef en die skool te lei met dieselfde passie en gees wat jy gehad het.

Die dae waarin jy jong standerdsesse moes mentor, het tot 'n einde gekom. Geen meer "gaan koop vir my kos, Standerdses", of "dra my tas Standerdses" nie, maar eerder "maak my trots Standerdses". Jou nalatenskap is oorgedra aan die skool en sal vir ewig so geskryf staan in die geskiedenisboeke. Jou pen mag dalk leeg wees en jou boek dalk volgeskryf, maar net so word 'n ander boek oopgemaak en 'n splinternuwe pen word in die hand van 'n standerdses gesit. Hierdie keer is jy egter net 'n toeskouer.

Kwartaal vier is die hartseer einde van die matriekgroep se Affieloopbaan, maar dit bring opwinding vir die nuwe matrieks wie se jaar van 'laastes' nou begin. Matrieks, ons groet julle.

# Musiek-personeel wys hul talent!

-Joshua van Zijl-

Affies se musiekpersoneel is nie net goeie onderwysers nie, hulle is ook uitvoerende kunstenaars wat die biesies (en die aarde) kan laat bewe!

Die permanente sowel as die tydelike personeel het op 23 Augustus saamgespan en 'n konsert gehou wat die leerders sowel as ouers sprakeloos gehad het met 'n verskeidenheid van musiek uit die boonste rakke.

Die doel met die konsert was om fondse in te samel vir die orkestoer na George, wat in die Oktobervakansie plaasgevind het. Ons skoolsaal het weerklink met note van Liszt, Artie Shaw en Böhme, om maar net 'n paar te noem. Wat die konsertgangers se monde veral laat oophang het, was die rock-verwerking van Bach se Fuga in d-mineur, waarmee die konsert afgesluit is. Die onderwysers en leerders wat by hierdie uitvoering betrokke was (foto regs bo), het beslis aan die volle karakter van die verwerking gestalte gegee – veral met hul voorkoms en kleredrag!

In nóg 'n verwikkeling by die Musiekdepartement was dr. Jannie le Roux een van drie uit 50 begeleiers wat by die Legato Musiekfees van 2023 as "uitsonderlike begeleier" genomineer is. Die gala-aand was op 15 September by die Afriforum teater.



Ware "headbangers"! Van links is Hein Claassen en Pieter Smith (musiekleerders), mee. Joyce Viljoen, Ronel du Plessis, Friena Maritz en mnr. Ryan Kirsten



Op die foto bo speel dr. Jannie le Roux (regs) die Hongaarse Rapsodie no. 2 van Franz Liszt saam met mnr. Floris Smith.

# Op julle merke...




Die nuwe redaksie vir 2023/2024 is pas aangewys en was vir die laaste uitgawe van 2023 verantwoordelik. Voor is Alexander Coetzer Kritzinger, Deon Spies (adjunkredakteur: Sport), Tiaan Loots (adjunkredakteur: Akademie en Leefwyse), Neil Grobbelaar (redakteur), Joshua van Zijl (adjunkredakteur: Kultuur), Dylan Koegelenberg, Callie Visagie en Stef Pretorius. Agter staan Adriaan Nel en Andru van Zyl.

# *Matriekafskeid voldoen aan álle verwagtinge*

-Neil Grobbelaar-



Die matrieks kom in deftige motors by die spoggeleentheid aan. Op die foto regs is hoofman Naudé Lourens en Caitlin Celliers.



Op 5 Oktober 2023 het die matrikulante se langverwagte matriekafskeid by Colosseum Reale plaasgevind. Soos vorige jare het die manne nie teruggehou met hulle keuse van vervoer nie en daar was iets van alles – van 'n roomyskarretjie en motorfietse tot Lamborghini's en McLaren's. Hul regtervoete was ook nie lig nie en hulle het séker gemaak almal weet dat hul voertuie kan brul. Die manne het alle verwagtinge oortref en het deftig en netjies gelyk, maar nadat die hoofleiers die dansvloer geopen het en musiek begin speel het, het die boonste knopie van die ouens se hemde een vir een losgegaan. Gelukkig het die belangrikste faktor van enige funksie, die kos, nie teleurgestel nie. Te danke aan mee. Jana en Lisinda van der Westhuizen, was die matriekafskeid wéér 'n reusesukses.

# Prestige-toekennings by prysuitdeling oorhandig

Affies se presteerders is soos gebruiklik in Oktober tydens 'n glansaand bekroon. Wikus Bornman, Louw du Preez, Lewellyn Barkly, Ignus Ferreira, Naudé Lourens, Johandré Pienaar, Wimpie Pohlman, Righardt Pretorius, Uys Prinsloo, Dieter Schubert, Steyn Trüter en Wian van Rooyen is met volle skoolerekleure vereer (foto onder). Steyn Trüter is vanjaar die Sportman van die Jaar en Ignus Ferreira Kultuur Victor Ludorum. Die Ambassadeurstoekenning is aan Dieter Schubert oorhandig en Naudé Lourens het die Leierskapstoekenning ontvang. Wian van Rooyen kry die Alsydigheidstrofee en is ook as Dux-leerling vir graad 12 aangewys. Vanjaar se Ideale Affies is Lewellyn Barkly en Joggie du Toit (foto regs onder).





# GROEN VINGERS + BESTUURSVAARDIGHEDE + HARDE WERK = JONGBOER VAN DIE JAAR

## Oud-Affie Jimie Malan stap in die spore van sy voorgeslagte

-Callie Visagie-



Jimie Malan (matriek 2011) van Malanseuns Plesierplante is onlangs as Agri Gauteng se Jongboer van die Jaar aangewys. Hy staan, as vierde geslag van sy familie, aan die stuur van dié merkwaardige besigheid wat in 1913 reeds deur sy oupagrootjie, Danie Malan, aan die noordelike hange van die Magaliesberg begin is.

**Wat beteken die toekenning as Agri Gauteng Jongboer van die Jaar vir jou?**

Dis vir my 'n groot voorreg om die toekenning te kry. Dit gee my baie hoop en maak my opgewonde oor die toekoms. Dit dien as motivering om te weet dat die harde werk wat ek en my span ingesit het, só goed beloon is. Ek sien uit na wat ons alles nog in die toekoms sal kan bereik.

**Is dit moeilik/anders om só 'n besigheid te bestuur?**

Dit is 'n groot verantwoordelikheid, maar ook 'n voorreg om in die voetspore van my oupagrootjie, oupa en pa te kan loop. Daar is vir seker elke dag uitdagings, maar met die regte span en die regte konsultante aan my sy, sien ek kans daarvoor en pak ek elke dag met inspirasie aan.

**Het jy op skool al 'n belangstelling in plante gehad?**

My pa het ons van kleins af deel gemaak van die besigheid en het beslis 'n liefde vir plante by my gekweek.

**Aan watter buitemuurse aktiwiteite het jy hier by Affies deelgeneem?**

Ek het aan rugby, waterpolo en atletiek deelgeneem en ook in die koor gesing.

**Gunstelingvak op skool?**

Afrikaans by me. Nelia van Zyl en Biologie by mnr. Wim Mulder.

**Wat het jy studeer?**

Ek het BCom Ondernemingsbestuur by Tuks studeer. Plante was reeds in my bloed en my pa het aanbeveel dat ek eerder 'n besigheidskursus moet volg om te leer hoe om ons besigheid suksesvol te bestuur. Ná my studies het ek in Europa gewerk om ondervinding op te doen, voordat ek in die middel van 2015 die familiebesigheid oorgeneem het. Ek sal nooit my pa se wyse woorde vergeet nie: "Jy kan die beste kweker wees en die mooiste plante produseer, maar as jy dit nie goed kan bemark, verkoop en jou besigheid suksesvol bestuur nie, gaan dit jou niks help nie."

**Wat kwalifiseer as sierplante? Is dit alle tuinplante?**

Sierplante is 'n term wat verwys na alle plante wat in huise en in tuine gebruik word.

**Wat is jou gunstelingplant?**

Dit is vir my feitlik 'n onmoontlike vraag om te beantwoord, want elke plant het 'n spesiale plek in my hart en tuin. Plante wat kleur verskaf, is vir seker bo-aan my lys, en as ek regtig een moet uitlig sal ek sê dit is die Chelsea Blommeskou se Plant van die Jaar vir 2023, Suid-Afrika se *Agapanthus Blackjack*.

**Volgens 'n berig in Maroela Media is jou kinders nou klein-klein ook al lief vir plante. Is dié ding in julle bloed?**

Ek spot nog altyd en sê ons familie het groen bloed weens ons liefde vir plante. Dit lyk beslis of my en my vrou se passie ons kinders aansteek, want hulle geniet dit baie om saam met ons tussen die plante te wees.

**Raad aan Affies?**

Gee elke dag jou beste en respekteer alle mense – oud en jonk. Bly altyd nederig met jou twee voete ferm op die grond. Glo in jouself en omring jou met mense wat jou opbou en inspireer. Jy sal beloon word vir die harde werk wat jy vandag insit. En onthou altyd – yster slyp yster!

# Koshuispersoneel laat hul nie deur rommel stuit nie!

-Andru van Zyl-

Rommel is tans 'n groot uitdaging in die Jakarandastad, maar die koshuispersoneel van AHS het besluit om moue op te rol en sélf iets aan dié onooglike probleem te doen.

Onder leiding van me. Carlien du Plessis (junior voedseldiensbestuurder) het 'n groep van 14 koshuiswerkers op 8 September die stuk grond oorkant die koshuis se dienshek ingevaar en rommel opgetel.

Me. Du Plessis sê ons almal kyk daagliks na die strate vol rommel en vir die koshuiskombuiswerkers was dit te veel. Hulle het besluit om ten minste die stuk veld om die koshuis op te ruim.

Volgens me. Du Plessis was die probleem egter groter as wat hulle verwag het en hope rommel is uiteindelik verwyder.

Maskers, handskoene en ander persoonlike beskermingstoerusting (PPE) is aan dié helde van die gemeenskap verskaf en hulle het met die poging 80 groot swartsakke volgemaak.

Die skool se vullisverwyderaars, Theron Waste Management, het die projek aansienlik vergemaklik, omdat hulle die vuilgoeddsakke blitsvinnig verwyder het. Interactive Security het ook húlle bydrae gelewer deur beskerming aan die groep te gee.

Die personeel bly toegewyd aan die saak en om te verhoed dat die probleem wéér kop uitsteek, maak hulle nou daagliks beurte om "nuwe" rommel by die spruit op te tel.



Die koshuispersoneel hard aan die werk.

# Kuns te kies en te keur!

Affie 100 Trust het in Oktober 'n kunsuitstalling in die skoolsaal gehou, waar besonderse en uiteenlopende kunswerke te sien en te koop was.

Volgens me. Leanie Nel (administrateur van die Trust) wou die Trust in die Covid-tyd aan kunstenaars en kunsleerders die geleentheid bied om hul werke te verkoop en die eerste uitstalling is in Julie 2021 virtueel aangebied.

Vanjaar kon almal egter die kunswerke tydens 'n gala-aand by die skool kom beskou.

"Ons beplan om die geleentheid weer in die toekoms aan te bied."



Die Kunsleerders het vlytig en baie entoesiasties gehelp met die uitpak en ophang van die kunswerke. Op die foto bo is Olé Smith in graad 12.

# Voorlopers vir 2024 aangewys



Foto: Billy Brown

Affies se splinternuwe hoofleiers vir 2024 is slaggereed vir uitdagings wat na hulle kant kan kom. Van links is JD Hattingh (onderhoofseun: Dissipline en Akademie), Neil Grobbelaar (onderhoofseun: Kultuur), Theuns Maritz (hoofseun), Nico Jooste (onderhoofseun: Sosiaal) en Janco Purchase (onderhoofseun: Sport).

# 'N SKATTEJAG BY DIE MONUMENT ...

-Joshua van Zijl-




Die Geografie-leerders in graad 11 het die Voortrekkermonument op 8 September besoek. Onder leiding van me. Leneldi van Jaarsveld en mnr. Jaco Koch het die seuns aan 'n skattejag deelgeneem, met instruksies en 'n kaart van die Monument se terrein om hulle te lei. Hierna kon hulle die hongerpyne stil deur stokbrood te braai, voordat hulle geesdriftig aan boeresport-aktiwiteite soos aartappelgooi en toutrek kon deelneem. Die meeste manne sal ook tydens 'n volgende besoek wéét dat daar vanaf die parkeerarea tot by die bokant van die Monument 'n volle 196 trappe is.

# Affie-lesers word Affie-speurders




-Stef Pretorius-

Wat het lees en moord gemeen? Dít is 'n vraag wat die ses Affie-spanne nou behoorlik kan beantwoord nadat hulle onlangs aan die LESERSLINK-leeskompetisie by Boys High deelgeneem het.

Hierdie unieke kompetisie vereis dat elke leerling 'n speurverhaal lees waarin 'n moord plaasgevind het. Hulle moes daarna in spanverband hul kennis en speurvermoëns gebruik om raaisels, speletjies en kopkrappers op te los.

Die Affies het hulle breine en verbeelding behóórlik ingespan, met twee seniorspanne wat 'n tweede plek in hul onderskeie kategorieë behaal het. Dit was egter die graad 8-span wat as wenners uit die stryd getree en Affies trots gemaak het.

Van die boeke wat gelees moes word, was *One of Us is Lying* deur Karen McManus en *Tuimeltrein* deur René van Zyl. Hierdie speurverhale het beslis die deelnemers se verbeelding geprikkel en kan vir almal aanbeveel word.




Voor is Juandre Gerber, Basie Kromhout, Marius van Aardt, Joshua Kok en agter staan Stef Pretorius, Andru van Zyl, WD Gertenbach, SE du Toit, Tristan Swart, Carlo le Roux en Michael Herrington

# *AHS bedrýwig by tegnologie-kompetisies*

-Dylan Koegelenberg-

'n Graad 8-span, bestaande uit Christiaan van der Westhuizen, Quinn Pollard en Stean Visser het op 9 September hul man gestaan in die senior afdeling van die nasionale WRO-robotikakompetisie wat in Johannesburg aangebied is. Die agtien beste spanne in die land het mekaar by dié geleentheid die stryd aangesê. Jess Blom (graad 10) en Evelynne Nel van AHMP het as gemengde span deelgeneem.



Van links op die foto is Christiaan van der Westhuizen, Quinn Pollard en Stean Visser (graad 8) saam met die beoordelaars by die WRO-robotikakompetisie

Agt Affies het ook in die Oktobervakansie aan die Programmeringsuitdaging van die Noord-Gauteng Science Fair deelgeneem. Liam Haupt en Nicolas Alberts het by dié interessante kompetisie 'n goue toekenning ontvang. Die seuns moes by die "Bat Cave" naby Muldersdrift van die ingeboude sensors op selfone gebruik maak om 'n akkurate kaart van 'n grot te teken, sonder om GPS-data gebruik. Daarna moes hulle hul eie program skryf om hierdie data in 'n kaart van die grot te omskep deur van fisika en wiskunde gebruik te maak. Hulle het met hul prestasie deurgedring na die South African Young Engineers and Scientists Symposium wat in Desember plaasvind.

Nóg twee Affie-spanne het by dieselfde ekspo aan die Robothon deelgeneem. Tristan Gibb, Gerbrandt Steyn en George van der Westhuizen was vyf minute voor die einde van die Robothon in die tweede plek. Selfs ná 'n baie lang dag het hulle egter met deursettingsvermoë en ware Affie-guts geweier om op te gee en het in die laaste twee minute ekstra punte versamel om uiteindelik as algehele wenners van die Robothon uit die stryd te tree. Die span van Stean Visser, Quinn Pollard en Bronson Schoeman het 'n silwer toekenning verwerf.




Agter: Liam Haupt, Nicolas Alberts, Stean Visser, George van der Westhuizen, Bronson Schoeman Voor: Quinn Pollard, Tristan Gibb en Gerbrandt Steyn

# Hommeltuie kompeteer op die Plaas

-Dylan Koegelenberg-



Twaalf Affies het op 4 September aan Affies se eerste hommeltuigkompetisie deelgeneem. In die eerste rondte is veral op vaardighede gekonsentreer en die deelnemers moes met hul hommeltuie deur verskeie hindernisse vlieg. Vaardigheid sowél as spoed is in die tweede rondte getoets.

Die wenner was Gerhard van Niekerk (graad 11) met 2 min 26 s, met Alexander Bodenstein (graad 8) in die tweede plek met 3 min 09 s (foto bo). George van der Westhuyzen (graad 8) eindig derde met 3 min 13 s.




# Graad 10's op reis deur militêre geskiedenis

-Stef Pretorius-

'n Groep geesdriftige graad 10-geskiedenisentoesiaste het vroeg in September 'n opwindende uitstappie na die Suid-Afrikaanse Nasionale Museum vir Militêre Geskiedenis in Johannesburg onderneem.

Onder leiding van mnr. Niel Coetzer kon die groep eerstehands meer leer oor die militêre konflikte wat in die geskiedenisklas behandel word en die indrukwekkende versameling wapentuig en toerusting wat in verskeie konflikte gebruik is, met hulle eie oë sien.

Vir die seuns was een van die hoogtepunte van die uitstappie natuurlik dat hul die geleentheid gekry het om op een van die tenks te klim!

# ORKESTE OP LÁÁNG BUSRIT NA GEORGE, MAAR DIS ALLES DIE MOEITE WERD

-Joshua van Zijl-

Vier van Affies se orkeste het in die Oktober-vakansie die lang pad na George aangepak om aan Symphonia, 'n nasionale kompetisie en fees vir skoolorkeste deel te neem.

Die busrit van 17 uur het op 5 Oktober eers om middernag begin om die matrieks in die orkeste die geleentheid te gee om hul matriekafskeid by te woon. Die lang sit was egter die moeite werd, want in George het die manne nie net aan die kompetisie deelgeneem nie, maar het ook tyd gehad vir prettige uitstappies soos 'n bootrit op die Knysnameer en 'n kuiertjie by Victoriabaai.

Sondagoggend het 'n paar seuns saam met me. Carmi Viljoen en mnr. Braam van Tonder die musiek verskaf tydens die diens in die NG Moedergemeente in George.

By die kompetisie later die dag het die konsertorkes, strykorkes, Swing-ensemble en kitaarensemble hulle slag gewys en Affies se naam hoog gehou. Die strykorkes eindig uiteindelik algeheel in die derde plek.

Sondagaand is daar tydens 'n vasvra-aand heerlik ontspan saam met Afrikaanse Hoër Meisieskool en Hoërskool Waterkloof. Die leerlinge het dit baie geniet en die Affie-manne, Pieter Wiese, Ignus Ferreira, Hechter Ferreira en Christiaan Gous het as wenners uit die stryd getree.

Maandagoggend is daar eers besoek afgelê by Birds of Prey, 'n rehabilitasiesentrum in George, voor daar lekker geswem is by die ATKV-oord in Hartenbos. Die dag is afgesluit met 'n gesamentlike konsert deur Affieseuns en -meisies asook die Hoërskool Waterkloof-orkes vir die ArtSpace organisasie in Mosselbaai.



Voor is Jacques Mouton, Tristan Erasmus en Marnu van Zyl. Agter staan Barend Fourie, Wessel van Vuuren, Rudolf Smit, Hannes Roos, Luan Claassen en Ignus Ferreira

## *Akteurs en tegnici wys vernuf by drie kompetisies*

-Gil Hood-

Affies se toneelstuk vir 2023, "In die Doderyk van die Drake", het vanjaar aan Aardklop Pronk-Podium, FAK Allegretto én die ATKV Tienertoneel deelgeneem en die toekennings ingeryg.

By al drie dié kompetisies het die toneelgroep tot in die finale rondte van die streek gevorder en by Aardklop het hulle ook na die finaal deurgedring.

Op individuele vlak is James Thom as beste byspeler by die FAK Allegretto en as beste speler in 'n hoofrol by die ATKV Tienertoneel aangewys. By Aardklop het Gil Hood weggestap met die toekenning as beste hoofspeler en Rijn Schoeman as beste byspeler.

Die tegnici het by verskeie kompetisies uitgeblink en word onder andere aangewys as beste tegniese span by ATKV Tienertoneel.

Die produksie as geheel ontvang goud by die ATKV en 'n Cum Laude-toekenning vir beligtingontwerp. Die stuk het ook oral groot lof ontvang vir dekor- en kostuumontwerp.

"In die Doderyk van die Drake" is vir Affies geskryf deur die dramaturg, Robert Kruger, wat hoë aansien in die tienertoneel-omgewing geniet. Alhoewel daar komiese oomblikke in die toneelstuk was, was daar ook dieper ondertone.



Op die foto verskyn Rijn Schoeman as Ragon die Draak en James Thom as dame Delilla.

## Affie-Artes – 'n fees van kultuur en trots

-Tiaan Loots-

Met die aanvang van die derde kwartaal het Affie-Artes weer AHS en AHMP in 'n bynes van kulturele aktiwiteite omskep.

Vanjaar se Affie-Artes het nie net kultuur en talent belig nie, maar het ook 'n platform gebied vir selfuitdrukking, deur sang, drama, kosmaak en selfs vasvrakompetisie. Dit het ook die geleentheid gebied om met ander jong kunstenaars saam te werk en sosiaal te verkeer.

Die hoogtepunt van die fees was die bekendmaking van die Junior en Senior Victor Artium-toekennings.

Hierdie prestasies het die uitsonderlike toewyding en talent van die leerders in die kunste beklemtoon. Die juniors wat deur die loop van die kompetisie die meeste punte ingesamel het, was Gideon Markram (derde), Hannes Roos (tweede) en Mornay Greyling wat as Junior Victor Artium aangewys is. Op die podium van die senior afdeling was Wessel van Vuuren nommer een, gevolg deur Pieter Smith en Hein Claassen. Vanjaar se seremoniemeesters was Taryn van den Berg en Righardt Pretorius.






Pieter Smith, Frikkie Janse van Rensburg en Zandre Lubbe

## Redenaars hou Affie-naam hoog

Vier Affies het vanjaar na die finale rondte van die ATKV kompetisie deurgedring wat Goudini Spa aangebied is. Alexander Coetzer Kristensen het sy slag in die voorbereide afdeling vir huistaalsprekers gewys en Wikus Borman in die onvoorbereide senior afdeling van hierdie kategorie. Mpumi Rakhudu en Chris Chabangu was onderskeidelik die wenner en naaswenner van die voorbereide afdeling vir Afrikaans Addisionele Taal. Mpumi het verder die toekenning vir die beste taalgebruiker ontvang.



Me. Lisinda van der Westhuizen, Mpumi Rakhudu, Chris Chabangu en me. Andriëtte Beukes




Die graad 10-redenaarspan, bestaande uit Hechter Ferreira, Wihan Koster, Dehan Muller en Adriaan Nel, het skoonskip gemaak in Con Spirito-redenaarskompetisie.

# AFFIE-DEBAT OP PODIUM BY DRIE KOMPETISIES

-Neil Grobbelaar-

Vyf Affie-debatspanne het op 19 Augustus na die finale rondte van die Nasionale ATKV-debatskompetisie by Goudini Spa deurgedring. In die junior afdeling het die span van Alexander Coetzer Kristensen, Werner Victor en Paul-Ralph Smit tweede geëindig na die meisiespan van oorkant Lynnwoodweg. In die senior afdeling het Wian van Rooyen en Ignus Ferreira as naaswenners 'n kortkop agter die span van Hoërskool Rustenburg uit die stryd getree en die span van Jacques Ferreira en Neil Grobbelaar het in die derde plek geëindig. Daar het vanjaar 424 spanne ingeskryf. Dit was dit die dertiende agtereenvolgende jaar (die twee Covid-jare vanselfsprekend uitgesluit) wat AHS ten minste twee podiumplekke in die finale rondte van die kompetisie kon inneem – 'n prestasie wat geen ander skool Affies nog ooit kon nadoen nie.

Die halfeind- en finale rondte van die Nasionale Con Spirito-debatskompetisie is op 28 en 29 September by die Voortrekkermonument aangebied, waar ons drie van die ses nasionale podiumplekke volgestaan het. In die finaal van die junior afdeling het die span van James Roets en Alexander Coetzer Kristensen 'n tweede plek behaal, kort op die hakke van Bjorn Pendelbury en Reuben Dreyer wat as wenners huis toe is. In die senior afdeling het Affies geskiedenis gemaak deur die eerste skool te word wat hulle titel suksesvol kon verdedig. Daar het vanjaar 450 spanne deelgeneem.

Op 6 Oktober het Wian van Rooyen, Naudé Lourens en Ignus Ferreira na die finaal van die Nasionale Dink of Sink se onvoorbereide debatskompetisie deurgedring. Met net vyf minute se voorbereidingstyd het hierdie span nie 'n millisekonde gemors nie en die Oranje-meisiespan in die finaal geklop. Hulle kon só hul Affie-debatloopbane op 'n hoë noot afsluit.







Ter voorbereiding van die finaal van die ATKV-tongeklap-kompetisie het die debatteerders 'n paar dae op Tafelberg deurgebring. Voor is Werner Victor en James Roets. Agter staan Neil Grobbelaar, Jacques Ferreira, Juan Ferreira, Hendré Lombaard, Paul Ralph Smit, Alexander Coetzer Kristensen en Ignus Ferreira.

# Rooidasse en A-minere samel fondse in vir opnames

-Stef Pretorius-



Die Rooidasse, wat onlangs tydens die ATKV Applous Koorkompetisie as die beste hoërskole seunskoor in Suid-Afrika bekroon is, het op 10 Augustus vir nóg 'n musikale skouspel gesorg met 'n spesiale fondswerwingskonsert in die Potgietersaal.

Hierdie optrede is hoofsaaklik georganiseer omdat die koor sy benadering tot musiekvrystelling moes verander. Omdat CD's in 'n groot mate uitgedien is, beoog die Affiekoor om fondse in te samel vir die opnames en om dan hul musiek in die toekoms eerder gratis aan die publiek beskikbaar te stel. Hierdie nuwe rigting in hul musikale reis beloof groter toeganklikheid tot hul sang.

# Wildsfees wéér 'n groot makietie

Die wildsfees in Augustus was soos altyd 'n geleentheid om te onthou. Dié spanpoging van AHS en AHMP en die ganse ouergemeenskap is en bly uniek. Op die foto kan die opgewonde skare tydens die optrede van die Koppekap-wenners gesien word.



# Kamp bied inspirasie aan nuwe leiers

-Adriaan Nel-



Die 50 nuutverkose Affie-raadslede (foto links onder) het op 25 Augustus na Conclave Lodge vertrek vir die jaarlikse kamp.

Die hooftema was standvastige berge wat as bakens van kontinuïteit, rigtingaanwysing en deursettingsvermoë kan dien.

Berg Everest is byvoorbeeld vir almal 'n merkwaardige en bekende baken en net soos hierdie berg, het AHS 'n stewige Affie-fondasie van trots en tradisies wat oor 103 jaar vasgelê is. Die Affieraad kan dus hierop voortbou om hoër hoogtes te bereik.

Die ysberg wat die Titanic laat sink het, is weer 'n voorbeeld van uitdagings wat ons onverwags kan tref en wat 'n mens moet probeer oorkom. Die Affieraad van 2024 wil die kompas wees wat die Affie-ossewa op koers hou wanneer probleme opduik. Met dié standvastige span leiers aan die stuur, lyk dit of dit 'n goeie jaar vir Affies kan wees.

Die fasiliteerder by die kamp, PD Havenga, het die groep met die volgende woorde gelaat: "Leierskap is die vermoë om ander te beïnvloed deur inspirasie, gegenereer deur passie, gemotiveer deur 'n visie, gedryf deur jou doel."

## KORTLIKS



- Hanro Zweers (graad 11) het van 24 Julie tot 9 Augustus in Los Angeles aan die World Championships of Performing Arts (WCOPA) teen deelnemers uit 76 lande meegeding en met sy monoloog 'n bronsmedalje verower.
- Verskeie musiekleerders is by die Afrikaanse Kunsvereniging se kunswedstryd as trofeewenners aangewys. Hulle is Luan Claassen, Rudolf Smit, Gerhard du Preez, Heinrich Diedericks, Marnu van Zyl, Henré van Rooyen en Martinus van Rooyen. Ook die orkeste het goed presteer. Die Swing-ensemble, konsertorkes en strykorkes het hulle afdelings gewen en die kitaarorkes het 'n A⁺⁺ verwerf. Die strykorkes is aangewys as algehele orkeswenner.

# Sal 'n Affie-man by AHMP kan skoolgaan?



Twee redaksielede, Tiaan Loots en Deon Spies (foto regs), het ons susterskool oorkant die straat op 21 September besoek om eerstehands te ervaar hoe dit voel om agter húlle skoolbanke te sit. Die twee het hulle geestelik goed voorberei en het toe net ná pouse saam met die graad 11-dames begin klasdraf.

"Ons aankoms by die Meisieskool was effens skrikwekkend. Met net 15 minute pouse, het ons dadelik benoud besef dat akademie hiér 'n groot prioriteit is. In die klas is daar geen rugby- of krieketballe na jou geslinger wat gevaar kon inhou nie, maar ons is wél getref deur die soet reuk van parfuum.

"Ná die eerste periode het ons reeds agtergekom daar is nie tyd vir speletjies nie – ons gaan báie werk! Die tweede periode was 'n Franse klas – 'n vreemde ervaring omdat ons natuurlik niks verstaan het nie. Met die hulp van Google Translate kon ons uiteindelik saampraat, maar ons uitspraak het ons in die wiele gery en het selfs in dié gefokusde klas vir groot vermaak gesorg.


"In die Afrikaans-klas het ons baie beter gevaar. Leendra (van Droomdelwers) se orrel het toe nou nié op haar kop geval, soos wat ons gedink het nie, en om oor ons voorgeskrewe Afrikaanse boek te praat, was vet pret! Ons kon ons uitgebreide kennis met die klas deel.

"Ná 'n lang dag (en nadat die laaste klok by die Seunskool al 20 minute gelede gelui het) het ons periode in Duits (agtste vak) afgeskop.

"Ons twee het uiteindelik besef dat AHMP dalk nie die ideale plek vir 'n tienerseun is nie. DIE DAG IS TWINTIG MINUTE LANGER EN AKADEMIE IS beslis DIE EERSTE PRIORITEIT!"

# Matrieks 2023 groet!

-Andru van Zyl-



Die matriekgroep het op Vrydag 27 Oktober op die tradisionele manier van die skool afskeid geneem.

Die vyf hoofleiers het elkeen die geleentheid gekry om die skool te groet, waarna die hele matriekgroep oor die verhoog kon stap en die klok lui. Na dié spesiale oomblik het die matrieks Affie-liedere op die vierkant gesing, waarna die skool uit die saal met die skoollied geantwoord het. Die matriekgroep kon hul Affie-loopbaan finaal met 'n diens in die Ooskerk afsluit. Op die foto lui Naudé Lourens (hoofseun) die klok.

# Matrieks van 2024 het oorleef – letterlik en figuurlik

-Tiaan Loots en Deon Spies-

Vier grade Celsius in die Bosveld, omring deur honger seuns en wilde diere, slange, spinnekoppe en krokodille. Hierdie is nie deel van 'n riller-verhaal nie, dit is 'n beskrywing van die graad 11-kamp.

Op 16 Augustus het dié brawe groep Affies hulle akademie opsy geskuif om die avontuurkamp by Warthog Inn by te woon.

Verskeie spanbouaktiwiteite soos boeresport, 'n hindernisbaan en speletjies wat intelligente denke geverg het (ons het nie noodwendig dáárin baie goed gevaar nie), het ons besig gehou en as 'n eenheid saamgesnoer. Mnr. Niell Jacobs het op die kamp vir ons gesê: "Wat jou nie doodmaak nie, maak jou sterker". Met dié woorde in ons agterkop is ons seker dat Affies in 2024 die béste matriekgroep gaan hê.

Enkele pryse wat *Stroom-op* tydens die kamp toegeken het:

Die grootste tas: Divan de Vries

Ergste besering: Ian Lamberts

Beste vuurmaakvermoë: Huis Neethling (dié wat weet, weet!!)

Braafste wat slange betref: Alexander Kelbrick

Beste deursettingsvermoë: Theuns Maritz op die modderbaan



Gustav Combrink en Heinrich Diederiks op die hindernisbaan.



# Oud-Affie-komponis presteer in Frankryk

-Alexander Coetzer Kristensen-

Oud-Affie en voormalige *Stroom-op*-redaksielid Christiaan Willemse (matriek 2015) het van 26 Augustus tot 9 September aan die "Festival en Académie Ravel" in Saint-Jean-de-Luz, in Frankryk deelgeneem en in die eerste plek geëindig.

Die fees en akademie is al meer as vyftig jaar oud en dit vind jaarliks in die Pays Basque (of Franse Baskeland) plaas, waar Maurice Ravel ook gebore is en vakansies deurgebring het.

"Die akademie het vanjaar vyf komponiste wat in Europa studeer uitgenooi om deel te neem en meesterklasse by twee vooraanstaande hedendaagse komponiste, Michael Jarelle en Ramon Lazkano by te woon. Ons het die wonderlike geleentheid gehad om 'n ensemblewerk te komponeer en saam met ander jong musikante te werk," vertel Christiaan.

"Op die laaste dag is ons werke in San Sebastian in Spanje uitgevoer en beoordelaars soos Helmut Lachenmann en Bertrand Chamayou het besluit wie die pryswenners moet wees.

"Ek was gelukkig genoeg om die eerste prys te ontvang, maar ál die komposisies was uniek en van hoë gehalte. Die prys behels 'n opdragwerk vir die Ravelfees in 2024 en die publikasie van hierdie werk deur die uitgewer Durand in Parys, wat ook Debussy en Ravel se werke gepubliseer het."

# Blye weersiens!



Oud-Affie Appel, oftewel Christoph Kotze, (matriek 2005) was gaskunstenaar by die Wildsfees en was baie opgewonde om meester Deysel (matriek 1970) en voorheen sy koshuisvader, raak te loop. Dié twee het heelwat gehad om oor te gesels!

# KORTLIKS



Zaan Sonnekus (matriek 2016) maak steeds opgang in die musiekwêreld en het in September die Aitsa-toekenning vir beste alternatiewe/rock-liedjie van die jaar ontvang.



Dylan Lee (matriek 2020) se gedig Slegs tydelik, is onlangs in Penseel, 'n literêre tydskrif van die Universiteit van Stellenbosch opgeneem. Die tydskrif bestaan reeds sedert 1969/1970 en word jaarliks uitgegee. Bekende digters en skrywers soos Etienne van Heerden, Marlene van Niekerk, Fanie Olivier, Joan Hambidge en Daniel Hugo het as studente hul skrywersbuiging in dié publikasie gemaak.

# Die bok, RG Snyman

-Andru van Zyl-



RG en mnr. Sakkie van der Walt, een van sy Witbul-afrigters.

RG Snyman verteenwoordig die Springbokke nou by 'n tweede rugbywêreldbeker en het vir *Stroom-op* van sy wedervaringe vertel.

"Dit is vir my 'n groot eer om Suid-Afrika te verteenwoordig. Dit is 'n geleentheid wat baie min van ons kry, so ek waardeer elke oomblik. Die ervaring van die vorige wêreldbeker help definitief, want ek het 'n goeie idee van wat om te verwag en wat dit verg om in so 'n kompetisie te kompeteer.

"Dit is baie anders as in 2019, omdat die meerderheid van rugbyondersteuners van Europa is. Dit is vir almal maklik om by die wedstryde uit te kom, so ons sien groot groepe ondersteuners oral waar ons gaan. Dit is natuurlik veral lekker om al die Bok-ondersteuners hier in Frankryk te sien.

"Voor die wedstryd teen Skotland het ek baie gedink aan die "games" wat ek en Pierre saam vir die Witbulle gespeel het en die drome wat ons daardie tyd gehad het om rugby op die hoogste vlak te speel. Dit was 'n bietjie vreemd om teen mekaar te speel, maar ook báie lekker om op dié vlak te kompeteer en die droom wat ons saam in Pretoria gedroom het, te kan uitleef.

Volgens RG is die Iere baie gesellige mense en hul hou baie van hulle sport, net soos ons Suid-Afrikaners. Dit was dus maklik om aan te pas en om daar te bly. Ek mis my familie, die sonskyn en reuk van braaivleis in die lug, en daar is, in my opinie, maar net geen ander plek soos Suid-Afrika nie.



Pierre Schoeman in 2012, in sy Witbultrui.



Witbulspanmaats Pierre Schoeman en RG Snyman ruil truie uit na hul wêreldbekerwedstryd op 10 September.



RG Snyman (matriek 2013) in 'n wedstryd vir sy alma mater.

# Die Affie-Skot, Pierre Schoeman

-Andru van Zyl-

Affies se Skot, Pierre Schoeman (matriek 2012), bly reeds sedert 2018 saam met sy vrou, Charissa, in Edenburgh en kan nie uitgepraat raak oor die genade en seën wat hulle in dié tradisieryke land ervaar nie.

"Toe ek in graad 8 'Power of Affies' by die skool leer sing het, het ek nooit kon dink dat ek eendag by 'n wêreldbeker vir Skotland sou speel en die oorspronklike lied, "Flower of Scotland", sou sing nie!

"Die skuif na Skotland was een van die maklikste aanpassings denkbaar, want hier is van die beste mense, tradisies, kultuur en van die mooiste natuurlewe op aarde. Om deel te wees van die rugbygeskiedenis hier is ook 'n voorreg, want die eerste internasionale rugbywedstryd óóit het in 1871 tussen Skotland en Engeland plaasgevind."

Die wedstryd tussen Skotland en Suid-Afrika met 'n Affie aan elke kant, het die media aan die gons gehad, maar Pierre sê dit was heerlik om teen RG te speel. "Soos ons almal weet, is hy baie sterk, vinnig, slim en kliphard! By die een afbreekpunt het ek hom 'geclean' in die bondel spelers in en toe druk hy sy vinger in my oor en sê "jou m*&r"! Toe druk ek my vinger in sý oor en sê "jóú m*&r ook". Toe lag ons en stoei en druk ons baarde teen mekaar as 'n grap. Ons het na die wedstryd truie geruil en wat 'n voorreg was dit nie! Ek is baie lief vir RG en nou het al my drome as Affie-seun waar geword. Ek het tegnies my Springboktrui deur bloed en sweet van RG gekry, terwyl ek steeds vir Skotland én Edenburgh speel, wat 'n groot eer is."

*Stroom-op* wou van Pierre weet of sy Skotse spanmaats darem al 'n paar Afrikaanse woorde ken, waarop hy laggend geantwoord het dat hulle AL die Afrikaanse woorde ken! "Hulle hou baie van ons kultuur, ons liefde vir rugby en sien Afrikaanse mense as nederig en hardwerkend. Hulle respekteer ons skole en skolerugby en geniet stories oor jag, braai, plase, rugby in die tuin en oor die lewe by Affies.

Op 'n vraag oor die leefwyse in Skotland, was Pierre baie positief. "Dit is baie skoon en veilig hier en alles werk. Die kultuur van whisky, "kilts", "highlands" en "lowlands" is ongelooflik spesiaal. "Ek en my vrou mis natuurlik veral ons familie en vriende, die Afrika-son en die natuur en ook mentors wat 'n groot rol in ons lewens gespeel het. Daar is aande wat jy met 'n oop deur slaap en jou kussing nat huil van verlange. Ons leef 'n geseënde lewe hier in Skotland en sien die wêreld, maar ons oupas en oumas raak ouer en ons verlang na almal.

"Affies bly die beste skool op aarde en het báie vir my en my ouer broer, Juan Schoeman, gedoen. Ek sal die skool ewig dankbaar wees.

Aan die huidige Affies: "Droom groot, skryf dit neer en glo met jou hele hart dat God jou oorvloedig sal seën."

# Die Protea, Dewald Brevis

-Dylan Koegelenberg-



Dewald voor die paaltjies vir die Witkolwe.

Dewald Brevis, matriek 2021, het einde Augustus sy internasionale T20-buiging in die groen en goud teen Australië gemaak.

**1. Was dit 'n groot skuif van SA o.19 tot Proteaspan?**

Ja, dit was beslis 'n groot skuif. Die standaard is baie hoër en ook die intensiteit van die oefeninge. Maar 'n krieketwedstryd bly maar 'n krieketwedstryd.

**2. Hoe hanteer die senior ouens druk op dié hoë vlak van krieket?**

Spelers verskil en almal hanteer druk op 'n ander manier.

**3. Wat is die atmosfeer in die kleedkamers voor 'n groot wedstryd, soos teen Australië?**

Dis baie opwindend, maar 'n mens probeer maar om alles net eenvoudig te hou en om in die "present" te bly. Dit help 'n mens om kalm en rustig te bly, want uiteindelik is dit net nog 'n wedstryd.

**4. Hoe verskil die kwaliteit van krieket internasionaal teenoor plaaslike ligas soos die SA20-reeks?**

Internasionale krieket is die hoogtepunt vir énige krieketspeler. Dit is immers die beste van die beste wat daar speel. SA20 en plaaslike ligas is goed, maar internasionale krieket bly die toppunt.

**5. Het jou tyd by Affies (nie net op die krieketveld nie) jou help voorberei op die lewe as professionele sportman?**

Ja, Affies het 'n belangrike rol gespeel om my voor te berei. Harde werk en toewyding op alle terreine, ook in die klaskamer, leer 'n mens dat jy in álles in die lewe jou deel moet doen. Die grondslag wat in my ouerhuis gelê is en my geloof in God het my veral toegerus en voorberei om 'n professionele sportman te wees.



Dewald het die skool in Augustus besoek. Hier is hy saam met mnr. Pieter Cronjé, Affies se kriekethoof.

# DORP 3 KOSHUIS 1 BY JAARLIKSE KRAGMETINGS

-Andru van Zyl-







Daar is min wedstryde so taai soos dié tussen die koshuis en die dagskoliere en die kragmetings in 2023 het dit weereens bewys.

Dorp het vanjaar die “Illovo Cup” verower nadat hul die rugbywedstryd met ‘n telling van 20-18 gewen het. Die halftydtelling was gelykop met 10 elk, maar Koshuis het ná halftyd ‘n drie gedruk en vir die grootste deel van die tweede helfte voorgeloop. Hul het ook hul voorsprong met ‘n suksesvolle strafskop vergroot. Dorp se wendrie is eers in die doodsnikke van die wedstryd gedruk en die spanning het dus tot aan die bitter einde hoog geloop.

Die hokkiewedstryd was selfs nóg taaier met die wedstryd wat gelykop geëindig het. Die druk is toe uiteindelik met 'n "penalty shootout" op die spanne se doelwagters geplaas. Na die eerste stel pogings kon daar stééds nie ‘n wenner bepaal word nie. Dit was eers tydens die “sudden death” rondte wat Dorp met ‘n oorwinning uit die stryd kon tree.

Vroeg in die vierde kwartaal is die waterpolowedstryd, ten spyte van ferm teenstand van Koshuiskant, met ‘n eindtelling van 10-6 deur Dorp gedomineer.

Die krieketwedstryd was waarskynlik vanjaar die taaiste kragmeting met die meeste kontroversie. Koshuis het met die laaste bal drie lopies benodig om te wen. Hulle het in dié doel geslaag en het as wenners van die veld gestap.

Die idee vir ‘n Koshuis/ Dorp Beker het in 1989 in die koshuis gestalte gekry. Volgens die Koshuishoofseun van daardie jaar (Pieter Cillie) het die wedstryd ontstaan omdat die rugbyseisoen klaar was, maar die manne na hulle sin nog nie genoeg van rugby vir die jaar gehad nie en enige verskoning is gebruik om die seisoen verder uit te rek.

Met só ‘n belangrike wedstryd op hande het twee seuns, Kobus Meyer en sy vriend Charl van den Berg, besluit dat daar ten minste iets op die spel moet wees. Hulle maak toe ‘n beker uit ‘n leë Illovo-stroopblik.



Amptelik word die beker die “Meyer/Van den Berg Wisseltrofee” genoem, maar oor die jare het naam “Illovo Cup” meer algemeen bekend geraak!



## Jukskeispelers presteer op provinsiale vlak

Vier Affies het vanjaar hul merk as provinsiale spelers gemaak. Hulle is Gustav Breetzke, Pieter-Ben Truter, Eben Gloy en FC Louw. Die eerste span het tweede in hul liga geëindig en die o.16 A’s op húlle beurt in die derde plek.



Die eerste jukskeispan het bestaan uit FC Louw, Luan Marais, Ockert Spies, en Pieter-Ben Truter.

## ‘n Eerste plek by SA’s vir jong landloper

-Dylan Koegelenberg-

Emil Els in graad 8 het by die afgelope ASA Landloopbyeenkoms in Port-Elizabeth stof in die oë van sy teenstanders geskop en het as wenner van die o.14-afdeling uit die stryd getree. Die ander Affie-deelnemers wat Affies se naam by die SA’s hoog gehou het, was Roal Janse van Vuuren, Bjorn Erlank, Hannu van Zyl, Luan de Villiers, Reghardt Hattingh, Rigardt Cilliers, Divan de Vries, Ben le Cornu, Werner Gouws, Luke Ninhamn en Kian Winterbach.



## Skaakspelers maak regte skuiwe

-Tiaan Loots-

Die o.19A-span het in Augustus aan die Gauteng Top Skole Skaakkampioenskap deelgeneem. Dié kompetisie word deur die Gautengse Onderwysdepartement aangebied en het in Randburg plaasgevind. Nege en twintig spanne vanoor die hele Gauteng het selfs beurtkrag trotseer om teen mekaar kragte te meet. Na vyf rondtes behaal die Affie-span ‘n vierde plek.

Op 28 September het die manne hul slag gewys by die skool se jaarlikse interne skaakkampioenskap. Wessels Grobler het vir die tweede jaar agtereenvolgens met die louere weggestap. Danie Schabort was tweede en Hechter Ferreira en Xavier Bath het saam in die derde plek geëindig.



Op die foto is Liam Stadtlander en Zachary Boonzaaier.

## September ‘n suksesmaand vir atlete

-Deon Spies-

Met die lente in die lug het die Affie-atlete hul staal behoorlik op die atletiekbaan gewys. Veral die laaste week of twee van September was bésig vir die Affie-atlete.

Tydens die Top 12 op 22 September het die manne hul beste gegee en die kompetisie gewen. Sewe Affies het meer as 900 punte op die ABSA-tabel ingesamel.

Die Curro Top 14-byeenkoms het kort hierna op 27 September plaasgevind en 51 skole met 1 670 atlete het deelgeneem. Die wenners word bepaal deur die hoeveelheid punte wat die atlete op die APE-tabel insamel. Affies het die seunskompetisie gewen en Hencu Lamberts ontvang die trofee vir die beste senior veldatleet.

Op 13 Oktober het AHS se atletiekspan ook aan die Elardus Erasmus-byeenkoms by Hoërskool Noordheuwel in Krugersdorp deelgeneem.

Ook hiér het die atlete hul beste gegee en as wenners uit die stryd getree.



Gewigstoters Ockie Spies en Martin van Niekerk tydens die Top 12-byeenkoms.



Foto: Alex Davidson-ICC/ ICC via Getty Images

## KORTLIKS

- Nóg ‘n oud-Affie is tans besig om naam te maak in ‘n internasionale sportspan. SA Engelbrecht (matriek 2006) het tydens die 2023 Krieket Wêreldbeker sy buiging as lid van die Nederlandse Krieketspan gemaak.



SA (links) saam met mnr. Deon Botes (afrigter) in 2006.

- Hencu Lamberts (graad 11) het in Augustus ‘n goue sowel as ‘n silwer medalje in diskusgooi by die Statebond Jeugspele in Trinidad en Tobago verower. Met ‘n indrukwekkende 20,17 m het hy ook die Spelerekord, wat vir agt jaar reeds staan, verbeter.
- Luan Potgieter, Ruben Pienaar en Hendré Schoeman was deel van die Blou Bulle 7’s-span wat van 1 tot 3 Oktober in Bloemfontein deelgeneem het.
- Jarrod Cilliers en Ruan Joubert is in September by die Noord-Gauteng tafeltennisspan ingesluit en het in die Oktobervakansie aan die interprovinsiale toernooi in Kaapstad deelgeneem
- Jean van Schalkwyk (graad 8) het in Oktober die eerste plek by die Suid-Afrikaanse Stoeikampioenskap in die o.15-(65 kg) vrystyl behaal.
- Nóg ‘n stoeier, Ben Swarts (graad 9), is ook nou Suid-Afrikaanse kampioen in die 71 kg-afdeling (o.15).



Casper Kruger by Pretoria Boys High

# FIETSRYERS TRAP WENPLEK LOS BY SKOLEREEKS

-James Roets-

Die Affie-fietsrymanne het in die Oktober-vakansie aan die Cycle Lab MTB Skolereeks deelgeneem en die seunsafdeling gewen.

Die finaal van dié reeks het op 30 September en 1 Oktober by Wagpos plaasgevind en ses Affie-ryers het die skool verteenwoordig. Jaco du Bruyn (graad 8) het 'n eerste plek in die sub-junior-kategorie behaal en Henré Myburgh (graad 11) 'n agtste plek in die junior 17-afdeling.

Affies sluit die jaar hiermee behoorlik af deur 'n algehele sesde plek op nasionale vlak te behaal.

Die fietsryers het in die derde kwartaal aan 'n groot verskeidenheid wedrenne deelgeneem en het hulle staal gewys by die King Price Trailseeker Series en nog vele meer.

Een van die interessantste wedrenne was egter die Pretoria Boys High School 24hr & 6hr MTB Relay Challenge, waaraan 32 Affies in vyf spanne deelgeneem het. Die doel met hierdie wedren is om in 24 uur die meeste rondtes moontlik klaar te maak. Daar mag telkens slegs een ryer per span op die baan van 6,1 km wees, en dit is dus 'n baie uitputtende wedren wat goeie strategie verg.

Die viermanspan met die naam Spoed Bloed en Trane, wat uit Liam Page, Stephan Cronje, Zack Visser en Tristan Hudson bestaan het, het met 92 rondtes 'n eerste plek in die vierman-kompetisie behaal en hulle eindig algeheel agtste.

Die agtmanspan (die Groen Speke) bestaande uit Reuben Spies, Tiaan Gouws, Niel du Plessis, Jaco de Bruyn, Edouard de Wet, Jaco Aldum, Pepler Engelbrecht en Dylan Kholmeyer het met 97 rondtes 'n derde plek behaal.



Jaco du Bruyn en mnr. Tobias Lubbe

# 'n Besige seisoen vir waterpolo

-Callie Visagie-



Drie waterpolospanne het van 22 tot 25 September wyd en syd gereis om Affies by toernooie in die Kaap en KwaZulu-Natal te verteenwoordig.

Die o.15A's het in Wynberg deelgeneem, en die o.14A's in Rondebosch. Dit was vir almal 'n harde naweek, maar Affies het puik polo gespeel.

By die DHS Jong-spantoernooi (wat bestaan het uit o.14-, o.15- en o.16-spelers) het Affies sesde uit 16 skole geëindig, wat die beste is wat Affies nog ooit in dié kompetisie gedoen het.

Affies en Boys High het mekaar vroeg in die vierde kwartaal in vriendskaplike wedstyde ontmoet, waar AHS in die meeste wedstryde oorheers het.

Die Wit Haaie het op hulle beurt gaan kragte meet by die Clifton Toernooi, waar hulle in vier van hul sewe wedstryde as wenners uit die stryd getree het. SACS was uiteindelik die algehele wenner van dié toernooi.


# Tennisspelers oorheers by Pretoria Skoletoernooi

-Adriaan Nel-

Die o.15A-span het onlangs as wenners by die Pretoria Skoletoernooi uit die stryd getree, nadat hulle hul wedstryde teen KES, Potchefstroom Gimnasium, Kearsney College, Grey Kollege en Die Hoërskool Menlopark gewen het. In die finale uitspeel vir die eerste en tweede plek, klop die A-span Paul Roos Gimnasium met 5 wedstryde teen 4.

Die B-span (die enigste by die toernooi) eindig sewende.

Op individuele vlak wen Lourens Swanepoel en Natanael Tollig al hul enkelspelwedstryde, terwyl Lourens en JP Snyman al hul dubbelspelwedstryde inpalm.



Natanael Tollig, Francois Boshoff, Kobus du Toit, Lincoln Boshoff, Lourens Swanepoel, Wihan Snyders, JP Snyman en Petri Janse van Rensburg.

# Krieketspelers woeker by Michaelmas, Noord Suid en Pretoria-liga

## Elf spelers in provinsiale spanne

-Andru van Zyl-



Ruben Groenewald tydens die Noord-Suid T20 Toernooi.

Die Witkolwe het weer 'n besónder besige derde kwartaal beleef met hul deelname aan die Pretoria-liga, die Oppenheimer Michaelmas Fees-week en die nuwe Noord-Suid T20 Toernooi.

Die span het nie deurlopend 'n uitstekende seisoen ervaar nie. Oorwinnings soos dié teen Hoërskool Waterkloof word ongelukkig oorskadu deur nederlae soos dié teen Cornwall Hill College. In die Noord-Suid Toernooi het die span algeheel sesde geëindig uit wat gesien kan word as sestien van die beste krieketskole in die land. Hulle eindig tweede in hul groep nadat hulle Westville Boys' High School en St. Stithians Boys' College klop, maar 'n neerlaag teen Die Hoërskool Menlopark in die kwarteindrondte het beteken dat hul vroeg in die stryd na die vyfde plek teruggeval het.

Die Michaelmas Feesweek by Martizburg College was egter ongelooflik suksesvol en die span keer onoorwonne van dié week terug, nadat hulle met Maritzburg College, Northwood School, Michaelhouse en Kearsney College afgereken het.

Trinity Grammar School, 'n Australiese Seunskool het tydens hul toer deur Suid-Afrika op 15 September teen die Jongspan op die Plaas kom kragte meet. Die gaste verloor egter dié wedstryd met 177 lopies.

Die Witkolwe sal hul seisoen in Januarie voortsit wanneer hulle na die Kaap toer om aan die Peninsula Cricket Festival deel te neem.

* Nie minder nie as 11 Affiekrieketspelers het onlangs provinsiale kleure verwerf. Hulle is Vihan Pretorius, Ethan Williams, Wian Munnik, Daniel Murray, Armin Snyman en JP Botha (almal o.15). Ruben Groenewald is vir die o.16-span gekies. Janco Purchase en Divan de Villiers verteenwoordig Affies in die o.17-span en Jorich van Schalkwyk en Lukas Janse van Rensburg sal hulle staal by die o.19-span wys.